PROVINCE OF WESTERN CAPE

# WESTERN CAPE
# LAND USE PLANNING
# ORDINANCE AMENDMENT ACT, 2011

PROVINSIE WES-KAAP

# WES-KAAPSE
# WYSIGINGSWET OP DIE ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2011

**No 2, 2011**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ________ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

# ACT

**To amend the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), so as to amend certain definitions; to authorise the amendment or replacement of town planning schemes approved under the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984); and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Provincial Parliament of the Western Cape, as follows:—

**Amendment of section 2 of Ordinance 15 of 1985, as amended by Proclamation No. R.168 of 1994**

**1.** Section 2 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (hereinafter referred to as the Ordinance), is amended—

*(a)* by the substitution for the definition of ''scheme regulations'' of the following definition:

> '' 'scheme regulations' means—
> (a) regulations made by the Administrator in terms of section 8 or 9;
> (aA) any town planning conditions for a town planning scheme approved in terms of the regulations made under section 66(1)*(n)* of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984), and published by Provincial Notice 733 of 1989, or
> (b) any final statement contemplated by regulation 8(1) of the regulations made under section 60 of the Townships Ordinance, 1934 (Ordinance 33 of 1934), and published by Provincial Notice 460 of 1937;''; and

*(b)* by the substitution for the definition of ''zoning map'' of the following definition:

> '' 'zoning map' means—
> (a) a zoning map framed in terms of section 10 of this Ordinance;
> (aA) a scheme map contemplated by regulation 1 of the regulations made under section 66(1)*(n)* of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984), and published by Provincial Notice 733 of 1989, or
> (b) a map framed in terms of regulation 8(2) of the regulations made under section 60 of the Townships Ordinance, 1934 (Ordinance 33 of 1934), and published by Provincial Notice 460 of 1937, and''.

**Insertion of section 8A in Ordinance 15 of 1985**

**2.** The following section is inserted in the Ordinance after section 8:

Replacement or amendment of town planning scheme.

"8A. A town planning scheme approved in terms of the regulations made under section 66(1)*(n)* of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984), and published by Provincial Notice 733 of 1989, may be amended or replaced by the Administrator by notice in the *Provincial Gazette* after the proposed amendment or replacement has, if deemed necessary by the director, been made known in such manner as the director may think fit.".

**Short title**

**3.** This Act is called the Western Cape Land Use Planning Ordinance Amendment Act, 2011.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

# WET

**Tot wysiging van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), ten einde sekere woordomskrywings te wysig; om die wysiging of vervanging van dorpsbeplanningskemas goedgekeur kragtens die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), te magtig; en om voorsiening te maak vir verwante sake.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

**Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 15 van 1985, soos gewysig deur Proklamasie No. R.168 van 1994**

**1.** Artikel 2 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (hierna die Ordonnansie genoem), word gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van ''skemaregulasies'' deur die volgende omskrywing te vervang:

> ' 'skemaregulasies'—
> (a) regulasies deur die Administrateur ingevolge artikel 8 of 9 uitgevaardig;
> (aA) enige dorpsbeplanningsvoorwaardes vir 'n dorpsbeplanningskema goedgekeur ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 66(1)*(n)* van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), en afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 733 van 1989, of
> (b) enige finale staat beoog by regulasie 8(1) van die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 60 van die Ordonnansie op Dorpe, 1934 (Ordonnansie 33 van 1934), en afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 460 van 1937;''; en

*(b)* deur die omskrywing van ''soneringskaart'' deur die volgende omskrywing te vervang:

> ' 'soneringskaart'—
> (a) 'n soneringskaart **[wat]** opgestel ingevolge artikel 10 van hierdie Ordonnansie;
> (aA) 'n skemakaart beoog by regulasie 1 van die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 66(1)*(n)* van die Wet op die Ontwikkeling van Swart

Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), en afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 733 van 1989, of

(b) 'n kaart **[wat]** opgestel ingevolge regulasie 8(2) van die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 60 van die Ordonnansie op Dorpe, 1934 (Ordonnansie 33 van 1934), en afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 460 van 1937; **[, opgestel is;]**''.

**Invoeging van artikel 8A in Ordonnansie 15 van 1985**

**2.** Die volgende artikel word in die Ordonnansie na artikel 8 ingevoeg:

''Vervanging of wysiging van dorpsbeplanningskema.

8A. 'n Dorpsbeplanningskema goedgekeur ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 66(1)*(n)* van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), kan deur die Administrateur by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gewysig of vervang word nadat die voorgenome wysiging of vervanging, indien die direkteur dit nodig ag, bekend gemaak is op die wyse wat die direkteur goedvind.''.

**Kort titel**

**3.** Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 2011.